

HAUSER MATTHEUS

EERSTE APPELLANT

ANNA PETRONELLA MATTHEUS

TWEEDE APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

HAUSER MATTHEUS

EERSTE APPELLANT

ANNA PETRONELLA MATTHEUS

TWEEDE APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

CORAM: TRENGOVE, BOSHOF et JACOBS ARR

VERHOOR: 20 MAART 1986

GELEWER: 7 MEI 1986

UITSpraak

TRENGOVE/.....

TRENGOVE, AR:

Die eerste appellant en sy eggenote, die tweede appellant, is op 6 Augustus 1983 in die landdros-hof op Potgietersrus skuldig bevind aan bedrog. Die landdros het bevind dat hulle op 18 Januarie 1983 weder-regtelik en met die opset om te bedrieg aan ene Thomas John Hartley (die klaer) voorgegee het dat 'n sekere tjek ten bedrae van R100,00 getrek op die Standard Bank te Potgietersrus, en betaalbaar "aan kontant", by aanbieding op 21 Januarie 1983 uitbetaal sou word; dat toe hulle so voorgegee het die appellante geweet het dat die tjek nie by aanbieding daarvan uitbetaal sou word nie; en dat hulle deur middel van hierdie valse voorwendsel R60,00

in/

in kontant van die klaer tot sy verlies en nadeel verkry het. Die eerste appellant is tot 12 maande gevangenisstraf gevonniss en die tweede appellant tot 6 maande gevangenisstraf wat vir 'n tydperk van 5 jaar onder sekere voorwaardes opgeskort is. (Die tweede appellant is ook op 'n ander aanklag van bedrog skuldig bevind en gevonniss maar dit is nie hier ter sake nie en ek verwys dus nie verder daarna nie). Die appellante het na die Transvaalse Provinsiale Afdeling in hoër beroep gegaan - die eerste appellant teen beide sy skuldigbevinding en vonnis, en die tweede appellant net teen haar skuldigbevinding - maar hulle appèlle is afgewys. Die hof a quo het ook aan die appellante verlof geweier om

na/.....

na hierdie hof in hoër beroep te kom. Hierdie hof het egter later aan die appellante verlof verleen (a) om teen hulle skuldigbevindings, en in die geval van die eerste appellant ook teen sy vonnis, te appelleer, en (b) om ten tyde van die beredenering van die appèlle ook aansoek te doen om verlof om verdere getuienis te lei.

Ek bepaal my vir eers by die appèlle teen die skuldigbevindings. Die staatsaak is gegrond op die getuienis van die klaer en van mnr Wills, die onder-rekenmeester van die Standard Bank op Potgietersrust. Die tweede appellant was die enigste getuie wat namens die verdediging getuig het. Die feit dat die eerste appellant nie getuig het nie, en die omstandighede wat daartoe aan-

leiding/

leiding gegee het, het die grondslag gevorm van die
aansoek om verdere getuienis te lei. Die eintlike
geskilpunt in hierdie saak val binne 'n baie beperkte
bestek. Dit gaan om die voorstellings wat die appel-
lante aan die klaer sou maak het toe hulle R60,00 by
hom geleen het en 'n vooruitgedateerde tjek ten bedrae
van R100,00 aan hom gegee het. Die getuienis kan soos
volg saamgevat word.

Die appellante het gedurende of ongeveer
September 1982 begin om sake te doen in verband met die
verkoop van tambotiehout. Hulle het 'n permit in naam
van die tweede appellant van die Lebowa-regering verkry
om in die omgewing van Waterval droë tambotie-boomstamme,

soos/

soos aan hulle uitgewys, af te saag en te verwyder.

Hulle neem dan die hout na Potgietersrus waar hulle dit verder laat opsaag en dit dan verkoop. Op 27

November 1982 het die tweede appellant in verband met

voormelde sakeonderneming 'n lopende rekening by die

Standard Bank op Potgietersrus geopen met 'n deposito

van R100,00. Sy het egter nie enige reëlins met die

bank getref vir oortrokke fasiliteite nie. Die rekening

was desnietemin teen 18 Januarie 1983 oortrokke met 'n

bedrag van ongeveer R85,00. Die getuie Willis het

verduidelik dat dit te wyte was aan bankkoste wat teen

die rekening gedebiteer moes word as gevolg van 'n hele

aantal tjeks wat gedishonoreer is.

Hoe/

Hoe dit ook sy, op 18 Januarie 1983 het die appellante 'n bedrag van R60,00 in kontant dringend nodig gehad in verband met hulle besigheid. Hulle het by die klaer om hulp aangeklop. Hulle het hom geken. Hy was die eienaar van 'n sakeonderneming op Potgietersrus bekend as Hartley's Bande en hulle het reeds voorheen met hom sake gedoen. Trouens hulle het hom nog R90,16 geskuld vir bande wat hulle by hom gekoop het.

Soos reeds vermeld, gaan die geskil vir sover dit die feite betref in hoofsaak oor die voorstellings wat die appellante by dié geleentheid aan die klaer sou gemaak het. Die klaer se weergawe van sy gesprek met die appellante is soos volg. Die eerste appellant was die segsman. Hy

het/

het die klaer meegedeel dat hulle geen geld het nie,
 dat hulle geld nodig het om aan die Lebowa-regering vir
 'n sekere hoeveelheid tambotiehout te betaal, en dat indien
 hulle die hout verkoop hulle die geld teen Vrydag, d i
 21 Januarie 1983, op hulle bankrekening sou inbetaal.
 Om een of ander rede wou die klaer nie onomwonde toegee
 dat die eerste appellant hom vertel het dat hulle geen
 geld in die bank het nie maar soos uit die volgende uit-
 treksels uit sy getuienis blyk, is dit louter haarklowery:

"Toe hulle op daardie betrokke dag die tjek
 vir u gegee het, het hulle vir u gesê daar
 is nie geld in die bank nie. Is dit korrek?
 --- Ja, hulle het vir my gesê hulle het
 nie geld nie, maar die geld sal Vrydag
 daar wees.

Indien hulle die bome, die hout sou verkoop,

dan/

dan sou hulle die geld inbetaal. Is dit nie so nie? --- Dit is reg, ja.

Maar hulle het gesê op daardie dag toe hulle die tjek uitgeskryf het, was daar nie geld nie. Is dit so? --- Hulle het nie vir my gesê daar is nie geld in die bank nie, hulle het net vir my gesê hulle soek die geld om vir hout te betaal. Hulle het nie vir my gesê daar is nie geld in die bank nie."

en

"Nou wat is die situasie, het mnr. Mattheus aan u gemeld of daar enige risiko is wat u sal loop dat die tjeks miskien nie honoreer sal word nie, of iets in dier voege? --- Nee, hy het daar geen, hy het nie gesê daar is geen risiko nie, hy moes net die kwessie van bome wat hy gesaag het.

Ja? --- Net gaan aflos en dit gaan verkoop en dan sal die geld in die bank wees. Hy sou dit die volgende dag gedoen het.

Waarom is die tjek vooruitgedateer? ---

Hy sou eers glo die tambotiebome wat hy glo gesny het, en hy sou dit daar gelos

het/

het by ek dink dit is een van die naturelle owerhede, dan sal die geld inbetaal het, en hy sou die geld sou die Vrydag in die bank gewees het."

Ek het nie die minste twyfel dat die klaer goed besef het

dat die appellante op daardie tydstip in 'n benarde finan-

siële posisie verkeer en dat hulle geen geld in die bank

het nie. Nadat die klaer ingestem het om R60,00 aan

hulle voor te skiet, het die tweede appellant twee tjeks

aan hom gegee, te wete, een vir R90,16 ten opsigte van

hulle agterstallige skuld, en die ander wat vooruitge-

dateer is tot 21 Januarie 1983 vir R100,00 ten opsigte van

die lening van R60,00. Die klaer kon nie eintlik 'n be-

vredigende verduideliking gee waarom die appellante

hom/

hom 'n tjek vir 'n R100,00 gegee het hoewel hy slegs R60,00

aan hulle geleen het nie. Hy het ontken dat hy aangedring

het op rente ten bedrae van R40,00 en het gesê dat hulle

dit ongevraag en uit eie beweging gedoen het.

Ek kom vervolgens by die tweede appellant

se relaas van hulle onderhandelings met die klaer. Vol-

gens die oorkonde geoordeel, was die tweede appellant

'n onbevredigende getuie. Sy was klaarblyklik verward en

sy het haarself telkens weerspreek. Sy kon ook nie 'n

samehangende verduideliking gee van die vooruitsigte wat

hulle sou gehad het om hulle skuld teen 21 Januarie 1983

te delg en waarom dit toe nie gebeur het nie. Daar is

namens die tweede appellant aangevoer dat haar swak vertoning

as/

as getuie gewyt moet word aan die feit dat sy baie gespanne was en aan strawwe kruisondervraging onderwerp is.

Ek glo nie dat dit 'n genoegsame verklaring vir al die leemtes in haar getuienis is nie. Ek laat dit egter daar.

Die tweede appellant se weergawe van hulle gesprek met die klaer kan in breë trekke soos volg saamgevat word. Hulle het die klaer gevra om aan hulle 'n bedrag van R60,00 te leen.

Hulle het hom meegedeel dat hulle op daardie tydstip nie geld in die bank het nie maar dat hulle 'n bestelling vir hout het en dat hulle die opbrengs daarvan teen 21

Januarie 1983 op die tweede appellant se bankrekening sou inbetaal. Die klaer het toe ingestem om die geld aan

hulle te leen mits hulle hom die twee tjeks gee waarna

ek/

ek reeds verwys het. Volgens die tweede appellant het hy daarop aangedring dat hulle hom 'n vooruitgeda- teerde tjek ten bedrae van R100,00 ten opsigte van die lening van R60,00 moes gee. So gesê, so gedaan.

Die tweede appellant het verder verduidelik waarom die geld toe nie teen 21 Januarie 1983 op haar bankrekening inbetaal is nie. Sy het gesê dat hulle op 18 Januarie 1983 'n bestelling vir tambotiehout gehad het, dat hulle daarin geslaag het om die hout vir die uitvoering van die bestelling in die hande te kry, maar dat hulle toe onvoorsiene probleme teëgekom het met die opsaag van die hout. Gevolglik kon hulle nie die be- stelling uitvoer en die geld betyds op die bankrekening inbetaal/

inbetaal soos hulle verwag het nie. Wat hierdie aspek van haar getuienis betref, het die tweede appellant met haar kruisondervraging lelik rondgeval. Sy het nie presies geweet wie die bestelling sou geplaas het nie en sy kon ook nie bevredigend verduidelik waarom hulle voornemens ter elfder uur verydel is nie. Die tweede appellant het nietemin volhard met haar bewering dat hulle inderdaad 'n bestelling gehad het en dat hulle slegs vanweë onvoorsiene omstandighede verhinder is om hulle verpligting teenoor die klaer na te kom. Die tweede appellant het ook gesê - en sy is nie hieroor namens die Staat ondervra nie - dat sy voor 09h00 op 21 Januarie 1983 met die klaer in verbinding getree het,

hom/

hom van hulle verleentheid vertel het, en hom gevra

het om die tjek terug te hou. Die klaer het dit

ontken.

Dit is gemene saak dat die tweede appellant se bankrekening op 21 Januarie 1983 nog steeds oortrokke

was. Dit is ewe-eens gemene saak dat die gewraakte tjek

gedishonoreer is. Dit blyk egter nie uit die getuienis

presies wanneer hierdie tjek vir betaling aangebied is

of wanneer dit gedishonoreer is nie. Dit staan nietemin

vas dat selfs al sou die tjek op 21 Januarie 1983 be-

hoorlik aangebied gewees het, sou die bank nietemin be-

taling geweier het omdat die rekening oortrokke was en

die tweede appellant geen krediet-fasiliteite gehad het

nie/.....

nie. Op 28 Januarie 1983 was die rekening nog altyd oortrokke. Dit is op daardie datum gesluit nadat die tweede appellant 'n bedrag van R170,69 by die bank inbetaal het en sodoende die nadelige saldo uitgewis het. Toe die appellante se lening teen April 1983 nog nie terugbetaal is nie, het die klaer die saak by die polisie aanhangig gemaak.

Ek kom vervolgens by die landdros se redes vir die skuldigbevinding van die appellante. Hy het na my oordeel in twee wesentlike opsigte ten aansien van die feite misgetas. Die landdros sê eerstens dat die tweede appellant saamgestem het "dat haar man ook geweet het dat die geld op 21/1/83 nie ontvang sou word

nie." /.....

nie." Dit is 'n fout. Soos ek die tweede appellant se getuienis verstaan, het sy geen sodanige erkenning gemaak nie. Die landdros sê verder ook dat dit gemene saak is dat die eerste appellant "mnr Hartley meegedeel (het) dat die tjek vooruitgedateer sal wees na 21/1/83 op welke dag daar fondse in die bank sal wees." Dit is egter nie presies wat die klaer in sy getuienis gesê het nie. Ek verwys in dié verband na die passasies in sy getuienis wat reeds hierbo aangehaal is. Daaruit blyk dit dat hoewel die klaer gesê het dat die appellante hom meegedeel het dat "die geld sal Vrydag daar wees", hy hierdie stelling gekwalifiseer het deur onmiddellik daarna toe te gee dat die appellante ook aan hom verduidelik het dat die geld by die

bank/

bank inbetaal sou word "indien hulle die bome, die hout sou verkoop". Wat die klaer se getuienis betref, was daar dus geen sprake van 'n uitdruklike en onvoorwaardelike versekering deur die appellante dat die geld inderdaad teen 21 Januarie 1983 op die tweede appellant se bankrekening inbetaal sou word nie.

Die landdros het na my oordeel ook misgetas wat die bewyslas betref. Hy het ten onregte aanvaar dat die Staat in die onderhawige geval op die bepalings van artikel 245 van die Strafproseswet 1977 kon steun en dat die appellante hulle nie van die bewyslas ingevolge die artikel gekwyd het nie. Artikel 245 lui so:

"Indien by strafregtelike verrigtinge

waarby/

waarby 'n beskuldigde aangekla word van
'n misdryf waarvan 'n valse voorstelling
'n bestanddeel is, bewys word dat die valse
voorstelling deur die beskuldigde gemaak
is, word geag, tensy die teendeel bewys
word, dat hy so 'n voorstelling gemaak het
wetende dat dit vals is."

Die Staat kan nie op die bepalings van hierdie artikel
steun tensy dit vasstaan dat die voorstelling wat die
beskuldigde gemaak het inderdaad 'n valse voorstelling is
nie. Eers dan tree die vermoede wat deur die artikel
geskep word in werking. In die onderhawige saak het
die Staat na my mening nie 'n redelike twyfel bewys dat
die appellante, soos in die klaagstaat beweer word, aan
die klaer voorgegee het dat die gewraakte tjek inderdaad
by aanbieding op 21 Januarie 1983 betaal sal word nie.

Ten/

beste vir die Staat het die appellante aan die klaer
voorgegee dat hulle verwag om voor 21 Januarie 1983 'n
sekere hoeveelheid tambotiehout te verkoop, dat hulle
die opbrengs van die verkoping by die bank sou inbetaal
en dat daar dan voldoende fondse in die eerste appellant
se bankrekening sou wees om die uitbetaling van die tjek
te dek. Die voorstelling op 18 Januarie 1983 was dus in
wese 'n voorstelling van wat die appellante voornemens was
om te doen of van wat hulle gereken sou gebeur as die tjek
op 21 Januarie 1983 by die bank vir betaling aangebied word.
Dit was die tipe voorstelling waarna Steyn AR in die volgende
passasie in R v Latib 1973(3) S A 982 (A) op 984 G-H verwys:

"In a transaction on credit, the representation as to ability to pay is a representation

by/

by the purchaser of a present belief that he will be able to pay when payment falls due, rather than a representation as to what his financial condition will in fact be at a future date. If his belief is genuine, even though somewhat optimistic, the representation is not false, whatever his financial position may turn out to be at the due date. His ability to pay at the time of purchase and his prospects in relation to the date of payment, would, of course, be relevant to show whether or not he did in fact entertain such a belief, but what is placed in issue is a state of mind rather than a financial condition."

(Kyk ook: Rex v Mohr 1943 TPD 105 op 108 - 109).

Voordat artikel 245 in die onderhawige geval in werking kon tree, moes die Staat dus bewys dat die appellante se voorstelling op 18 Januarie 1983 van wat hulle voornemens was om te doen, of van wat hulle gereken het sou gebeur, 'n valse voorstelling was.

Die/

Die Staat moes m a w bewys dat toe die appellante die

gemelde voorstelling aan die klaer gemaak het hulle

nie opreg geglo het dat die geld betyds by die bank

inbetaal sou word nie. Dit volg dus uiteraard, soos

Trollip in S v Heller and Another (2), 1964 (1) S A

524 (W) op 536 C - D ten aansien van die ooreenstemmende

bepaling in die Strafproseswet, 56 van 1955, artikel

280 bis gesê het, dat:

"That section is of no practical assistance to the State on this aspect because before it can operate the State has first to prove the falsity of the representation, that is, that the accused did not hold that belief or view, which is the same as having to prove that they knew of the falsity of the representation"

(Kyk/

(Kyk ook: S v Burger 1969 (4) S A 292 (SWA) 2974 - 2985,

S v Hassim and Another 1976 (1) S A 508 (T) 511E - 512B,

S v Ostilly and Others (1) 1977 (4) S A 699 (D & C L D)

724A - 725C, S v van Niekerk 1981 (3) S A 787 (T) 789E -

792D.)

Die Staat het na my mening nie bo redelike
 twyfel bewys dat die appellante nie op 18 Januarie 1983
 opreg geglo het dat die vooruitgedateerde tjek wat hulle
 aan die klaer oorhandig het op 21 Januarie 1983 uitbetaal
 sou word nie. Hulle het nie die klaer mislei in verband
 met hulle finansiële posisie nie. Hulle het hom gesê
 dat hulle nie geld het nie. Hulle het ook verduidelik
 dat hulle die R60,00 wou leen om tambotiehout te bekom

wat/

wat hulle dan weer van die hand sou sit en die opbrengs by die bank sou inbetaal. Die tweede appellant se getuienis dat hulle wel die tambotiehout verkry het, was nie deur die Staat betwis nie. En dit is onwaarskynlik dat hulle die moeite sou gedoen het om hout in die hande te kry as hulle nie van voorneme was om dit teen 'n wins te verkoop nie of ten minste verwag het om dit te doen nie. Dan is daar ook die getuienis van die appellant oor hoe hulle planne onverwags gefnuik is en hoedat sy die klaer toe versoek het om die tjek terug te hou. Sy was onteenseglik in vele opsigte 'n onbevredigende getuie maar na my oordeel kan dit nie gesê word dat haar weergawe van hulle voornemens en die rede waarom dit verydel

is/

is nie redelik moontlik waar kan wees nie.

Dit is gevolglik onnodig om oorweging

te skenk aan die aansoek om verdere getuienis te lei.

In die omstandighede slaag albei appèlle

en word die skuldigbevindings en vonnisse ter syde gestel.

TRENGOVE, AR

BOSHOFF, AR)

)

STEM SAAM

JACOBS, AR)